**DONDERDAG 11 JUNIE**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 9:51-56**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 9:54**

**Jakobus – Toegewyd in liefde!**

Voordat ons Jakobus en Johannes net veroordeel oor dit wat hulle hier sê, moet ons eers probeer om hulle te verstaan. In vers 28-36 word die gebeurtenis van die verheerliking op die berg aan ons beskryf waar Moses en Elia aan Jesus verskyn. Die kernboodskap van daardie gedeelte is dat Jesus veel groter as Moses en Elia is.

Van Elia word daar twee keer in die Ou-Testament vermeld dat hy vuur uit die hemel geroep het (1 Kon. 18; 2 Kon. 1). Hulle het sekerlik gemeen dat as Jesus groter is as Elia, dan moet hulle nou ook vuur uit die hemel roep soos wat Elia gedoen het toe hulle hom as profeet verwerp het.

Ons tree ook dikwels soos Jakobus en Johannes op. Ons verwag dat ons spesiale behandeling moet ontvang, want ek betaal daarvoor, of ek verdien dit weens my hoë posisie of wat ook al. En as ons dit nie ontvang nie, dan wil ons vuur uit die hemel roep.

Daarom is Jesus se optrede hier so opvallend. Jesus is wel groter as Elia en tog is Hy soveel anders as Elia. Toe Hy in Getsemane gevange geneem is en die dissipels Hom met die swaard wou beskerm, toe sê Hy: "Sit jou swaard terug in sy plek ... Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel" (Matt. 26:52-53).

Jesus roep nie vuur uit die hemel nie, Hy genees die slaaf se oor wat deur sy dissipel afgekap is (Mark. 14:47). Wanneer hulle Hom aan ʼn kruis ophang, dan roep Hy steeds nie vuur uit die hemel nie, maar bid tot die Vader dat Hy hulle sal vergewe omdat hulle nie weet wat hulle doen nie.

As navolgelinge van Jesus is dit nie nodig om vuur uit die hemel te roep op dié wat ons vervolg en verwerp en verag nie, want ons Here Jesus Christus het ons met ons sonde aanvaar. Hy sterf vir ons en dit maak dat ons die verwerping van mense in ʼn nuwe lig sien (vgl. 1 Pet. 2:15).

Na dit wat Christus vir ons gedoen het, wil ons met toewyding liefhê soos Christus ons tot die dood toe liefhet.

*Sing: Psalm 34:1, 2*
*Ds. PJ (Paul) de Bruyn (Oos-Londen)*